Western Cape Government
Education

# GRAAD 12

# GESKIEDENIS

# TELEMATIESE ONDERRIG 2020

**TELEMATIESE SKEDULE**

| KWARTAAL | DAG | DATUM | TYD | ONDERWERP |
|---|---|---|---|---|
| **2** | **Donderdag** | **14 Mei** | **16.00 – 17.00** | **Swartmagbeweging / Burgerregtebeweging** |
| **3** | **Woensdag** | **12 Augustus** | **15:00 – 16:00** | **Swartbewussynsbeweging / Internasionale reaksie op apartheid** |

**LET WEL**

- **Alhoewel die fokus in Kwartaal 2 op Vraestel 1-inhoud is, moet jy voorbereid wees om albei vraestelle in Junie-eksamens te skryf.**
- **Maak asseblief seker dat u die inhoud ken en gebruik die verskillende vaardighede wat geleer word om die vrae te beantwoord.**
- **Die puntetoekennings dui die vereiste antwoorde aan**
- **Ontleed die opsteltipe vrae eers voordat jy die vrae beantwoord.**

**- Wat is die inhoudsfokus van die vraag?**

**- Identifiseer die tydraamwerk**

**- Wie is die sleutelrolspelers?**

**- Wat is die vraag se fokus?**

- **Ontleed die bronne en verstaan die inhoud en konteks van elke bron**

**- Lees die kontekstualisering - waaroor handel die bron?**

**- Onderstreep definisies en verduidelikings**

**- Omkring redes**

**- Soek verskillende menings - let op wie sê wat en hoekom**


**- Let op die verwysing (aan die einde) van die bron.**

**- Let op die ooreenkomste / verskille in bronne**

**SESSIE 1: DONDERDAG, 14 MEI 2020 TYD: 1500 – 1600**

**ONDERWERP: SWARTMAGBEWEGING / BURGERREGTEBEWEGING**

## SWARTMAGBEWEGING




**Konsepte**

| | |
|---|---|
| Swartmag beweging | |
| Militant | |
| Segregasie | |
| Sameswering | |
| Stemreg | |

**Black Power Movement**

## VRAAG 1

## WATTER ROL HET FRED HAMPTON IN DIE 1960's IN DIE MOBILISERING VAN SWART AMERIKANERS IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA GESPEEL?

### BRON 1A

Die bron hieronder is 'n gedeelte van 'n toespraak wat Fred Hampton in 1969 by die Olivet-kerk gehou het. Dit fokus op hoe die Black Panther-party die uitdagings waarvoor die swart Amerikaanse werkersklas te staan gekom het, kon identifiseer en aanpak.

'So, wat het ons dan gedoen? Ons as lede van die Black Panther-party het seker gemaak dat mense 'n opvoeding kry. Mense leer basies deur waarneming en deelname. En dit is wat ons probeer doen. Dit is wat ons in hierdie gemeenskap kon doen. Dit is die basiese dinge wat jy moet doen wanneer jy van plan is om 'n suksesvolle rewolusie te bewerkstellig.

Baie mense verstaan nie die woord rewolusie nie en dink rewolusie is 'n slegte woord. Rewolusie is niks anders nie as om 'n seerplek op jou liggaam te hê nie en dan sit jy iets op die seerplek om die infeksie te genees. Laat ek vir julle sê, ons leef nou in 'n aansteeklike samelewing. Ek sê julle, ons leef in 'n siek samelewing. En enigeen wat integrasie in hierdie siek samelewing onderskryf voordat dit skoongemaak word, is 'n man wat 'n misdaad teen die mense begaan. Ons moet 'n paar feite onder die oë sien. Dat die massas (werkersklas) arm is, dat die massas behoort aan wat julle die laer klas noem, en as ek oor die massas praat, praat ek van die wit massas, dan praat ek van die swart massas, die bruin massas en ook die geel massas. Ons moet die feit onder die oë sien dat sommige mense sê dat dit die beste is om vuur met vuur te bestry, maar ons sê dat dit die beste is om vuur met water te blus. Ons sê dat 'n mens nie rassisme met rassisme beveg nie. Ons gaan rassisme met solidariteit beveg. Ons sê dat 'n mens nie kapitalisme met swart kapitalisme beveg nie; jy beveg kapitalisme met sosialisme.

Ons gaan onsself organiseer, mobiliseer en toewy aan rewolusionêre politieke mag en onsself die spesifieke behoeftes leer om weerstand teen die magstruktuur van kapitalisme te bied …

... Ek kom miskien nie terug nie. Ek is dalk in die tronk. Ek kan enige plek wees. Maar wanneer ek weggaan, onthou wat ek gesê het, dat die laaste woorde oor my lippe was dat ek 'n rewolusionêr is.'

[Uit https://www.historyisaweapon.com/defcon1/fhamptonspeech.html.Toegang op 17 Julie 2019 verkry.]

### 1.1 Verwys na Bron 1A

1.1.1 Verduidelik waarom jy dink Hampton 'n oproep tot rewolusie in die VSA beklemtoon het. (2 x 2) (4)

1.1.2 Hoe, volgens die bron, wou Hampton die ekonomiese sisteem van kapitalisme teenstaan? (2 x 1) (2)

1.1.3 Lewer kommentaar oor waarom jy die inligting in die bron as bruikbaar sou beskou in die bestudering van die impak wat Fred Hampton op die burgers van die Verenigde State van Amerika gehad het. (2 x 2) (4)

**BRON 1B**

Die bron hieronder verduidelik hoe Fred Hampton, die nasionale ondervoorsitter van die Black Panther-party, op 4 Desember 1969 deur die Federale Speurdiens (FBI) en Chicago-polisie vermoor is.

| |
|---|
| Fred Hampton was suksesvol met die saamsmelt (vereniging) van die Black Panther-party met verskeie politieke organisasies in Chicago, waaronder voormalige bendeleiers van die swart Amerikaanse, Italiaanse, Latyns-Amerikaanse en wit gemeenskappe. Dit het nie net die FBI se aandag getrek nie, maar ook die polisie in Chicago, die Cook County State's Attorney Office (Staatsprokureurskantoor), en nog meer. Die teenstrydigheid was egter dat die FBI se eie betaalde informant, 'n misdadiger, William O' Neal, gehuur is om op Hampton te spioeneer. Hy het later Hampton se lyfwag geword en aan J Edgar Hoover verslag gedoen dat die primêre rol van die Black Panthers in Chicago bloot was om honger skoolkinders te voed. ... Hoover het die informant opdrag gegee om iets te 'vind' wat daarop sou dui dat die Black Panthers geweld en haat wou aanhits … Die informant het inligting verskaf oor waar onwettige gewere in die woonstel gestoor is, asook 'n illustrasie van Hampton se slaapkamer. Die FBI het toe hierdie inligting aan die Chicago Cook County State's Attorney (Staatsprokureur), Edward Hanrahan, voorsien sodat die polisie die teregstelling van Hampton kon uitvoer. Die aand voor die moord het dieselfde informant skelm secobarbital ('n kragtige slaapmiddel) in Hampton se drankie gegooi sodat hy nie gedurende die klopjag sou wakker word nie. Die polisie en die FBI wou seker maak dat Fred Hampton dood sou wees. Die polisie het ongeveer 100 rondtes ammunisie in Fred Hampton se woonstel gevuur. Hy is ernstig in die skouer gewond … 'n paar polisiemanne het 'n skaars bewuste Hampton tot in die voorportaal van die woonstel gesleep en twee skote op kort afstand gevuur, wat hom gedood het. |
| [Uit https://allthatsinteresting.com/fred-hampton.Toegang op 21 April 2019 verkry.] |

**1.2 Verwys na Bron1B**

1.2.1 Wat, volgens Hampton, was die 'basiese dinge' vir 'n suksesvolle rewolusie? (2 x 1) (2)

1.2.2 Verduidelik waarom jy dink Hampton 'n oproep tot rewolusie in die VSA beklemtoon het. (2 x 2) (4)


1.2.3 Hoe, volgens die bron, wou Hampton die ekonomiese sisteem van kapitalisme teenstaan? (2 x 1) (2)

1.2.4 Lewer kommentaar oor waarom jy die inligting in die bron as bruikbaar sou beskou in die bestudering van die impak wat Fred Hampton op die burgers van die Verenigde State van Amerika gehad het. (2 x 2) (4)

1.3 Raadpleeg Bron 3A en 3B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3A en 3B mekaar ondersteun met betrekking tot die rol wat Fred Hampton in die mobilisering van swart Amerikaners gespeel het. (2 x 2) (4)

**BRON 1C**

Die plakkaat van Fred Hampton hieronder is deur die Chicago Film-groep geproduseer nadat hy in 1969 vermoor is.




[Uit https://me.me/i/fred-hampton-you-can-kill-the-revolutionary-but-you-can-7960021. Toegang op 17 Julie 2019 verkry.]

**In die oorspronklike plakkaat is die naam FRED HAMPTON in rooi geskakeer.**


**AFRIKAANSE VERTALING:**

**'JY KAN DIE REWOLUSIONÊR DOODMAAK, MAAR JY KAN NOOIT DIE REWOLUSIE DOODMAAK NIE.'**

1.4.1 Lewer kommentaar oor waarom jy dink hierdie plakkaat geproduseer is. (2 x 2) (4)

1.4.2 Verduidelik die boodskappe wat in die plakkaat oorgedra word.. (2 x 2) (4)

**ONDERWERP: BURGERLIKE PROTES 1950's tot 1970's**
**VRAAGFOKUS OPSTEL: BURGERREGTE BEWEGING**



## DIE BURGERREGTEBEWEGING IN DIE VSA

## VRAAGFOKUS OPSTEL: BURGERREGTEBEWEGING

## VORME VAN PROTES


| GEBEURE | VERDUIDELIKKING |
| --- | --- |
| | • |
| | |
| | • |
| | • |
| | • |
| | • |
| | • |
| | • |

**OPSTEL SKRYF**

**ONDERWERP: BURGERLIKE PROTES 1950's tot 1970's**
**VRAAGFOKUS OPSTEL: BURGERREGTEBEWEGING**


Verduidelik tot watter mate die verskillende vorme van protes deur die Burgerregte-beweging in die 1960's 'n betekenisvolle rol in die beëindiging van diskriminasie teen swart Amerikaners gespeel het.

Ondersteun jou argument met relevante bewyse. [50]



**SESSIE 2: WOENSDAG , 12 AUGUSTUS TYD: 15.00 – 16.00**
**ONDERWERP: SWARTBEWUSSYNSBEWEGING / INTERNASIONALE REAKSIE OP APARTHEID**

## SWARTBEWUSSYNSBEWEGING




Definition of Black Consciousness

**VRAAG 2:**

**WATTER ROL HET DIE SUID-AFRIKAANSE STUDENTE-ORGANISASIE (SASO) IN DIE BEWUSMAKING VAN SWART SUID-AFRIKANERS GESPEEL?**

**BRON 2A**

Die koerantartikel hieronder beklemtoon die redes wat die Minister van Justisie vir die verbanning van SASO-leiers aangevoer het. Dit het op 9 Maart 1973 in die Rand Daily Mail verskyn.

**WAAROM PELSER DIE SASO-8 VERBAN HET**
**(Rand Daily Mail, 9 Maart 1973)**

Mnr. Pelser, die Minister van Justisie, het gister die Parlement verstom (geskok) toe hy erken het dat agt SASO-leiers (Saths Cooper, Muntu Myeza, Strini Moodley, Patrick 'Terror' Lekota, Pandelani Nefolovhodwe, Nkwenkwe Nkomo, Kaborone Sedibe en Zihulele Cindi) verban is omdat hofprosedures hulle 'n platform (publisiteit) sou bied.

Die opposisie het met ongeloof en skok na hulle asems gesnak gedurende 'n kort halfuur-debat oor die skokverbannings wat deur die parlementslid (LP) van die Progressiewe Party vir Houghton, mev. Helen Suzman, aangevra is …
Nadat bewerings aangehaal is wat deur swart studenteleiers gemaak is, waarin herhaaldelik na 'brandstigting, verkragting en bloedige rewolusie wanneer die swart rewolusie aanbreek' verwys is, het die Minister gesê dat wanneer hierdie dinge gesê en herhaal is, kon daar net een eindresultaat wees, moord en geweld.
Mnr. Pelser se bekentenis is uitgelok deur die leier van die opposisie, Sir De Villiers Graaff, wat daarop aangedring het om te weet waarom hy (die Minister) nie die SASO-leiers voor die hof gedaag het indien die beweerde stellings, wat deur die Minister aangehaal is, deur 'n waarneembare (sigbare) handeling gepaard gegaan is nie.

Mnr. Pelser se antwoord was: 'Dit sou hulle 'n platform (publisiteit) gegee het.' Sir De Villiers Graaff het gesê dat die minister se houding onverstaanbaar was (dit maak geen sin nie).

Mev. Suzman het vroeër die regering gewaarsku dat hulle swart leiers kon verban, maar dat 'ander in hulle plek sou opstaan, want die regering was verantwoordelik vir die skep van 'n onvernietigbare (blywende) swart nasionalisme wat net 'n neweproduk van wit nasionalisme is'.

[Uit http://www.historicalpapers.wits.ac.za/inventories/inv pdfo/AD2189-C9-02--jpeg.pdf. Toegang op 28 Maart 2019 verkry.]

2.1 **Bestudeer Bron 1A**

2.1.1 Hoe, volgens die bron, het die Minister van Justisie die parlement verstom (geskok)? (1 x 2) (2)


2.1.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe Pelser die verbanning van die SASO-8 geregverdig het. (1 x 2) (2)

2.1.3 Waarom, volgens die bron, het Pelser nie die leiers van SASO voor die hof gedaag nie? (1 x 1) (1)

2.1.4 Verduidelik wat jy dink Helen Suzman geïmpliseer het met die stelling: 'die regering was verantwoordelik vir die skep van 'n onvernietigbare (blywende) swart nasionalisme wat net 'n neweproduk van wit nasionalisme is'. (2 x 2) (4)

**BRON 1D**

Die bron hieronder het op die voorblad van 'n SASO-nuusbrief verskyn. Die titel was 'VERBANNINGSUITGAWE' en dit het in Maart 1973 verskyn.




[Uit https://www.apartheidmuseum.org/sites/default/files/files/BIKO%202b.pdf. Toegang op 27 Maart 2019 verkry.]

## 2.2 GEBRUIK BRON 2B

2.2.1 Verduidelik waarom jy dink SASO besluit het om hierdie nuusbrief te publiseer. (2 x 2) (4)


2.2.2 Lewer kommentaar op die gebruik van die swart gebalde vuis wat op die voorblad van die nuusbrief in die lug opgesteek is. (1 x 2) (2)

2.2.3 Verduidelik die bruikbaarheid van die inligting in hierdie bron wanneer die rol van SASO nagevors word. (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer Bron 1C en 1D en verduidelik hoe die inligting in Bron 1C die bewyse in Bron 1D oor die SASO-8 ondersteun. (2 x 2) (4)

## INTERNASIONALE REAKSIE

### Internasionale anti-Apartheidsbewegings




## BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

Verduidelik tot watter mate boikotte, onttrekking van beleggings en sanksies deur die internasionale anti-apartheidsbewegings verantwoordelik was vir die uiteindelike val van PW Botha se regime in die 1980's.

Ondersteun jou argument met relevante bewyse. [50]

| |
|---|
| **Internasionale**<br>**Die krisis in Apartheid - Internasionale Respons** |
| **Die Vraag** |
| **Inleiding: (Onthou dit moet met die sleutelvraag verband hou)**<br><br>Neem 'n standpunt in (Stem saam of weerlê die vraag.)<br><br>Inhoud direksie (om 'n lyn van argument op te bou) |
| **Paragraaf 2: Sportboikotte**<br><br>• Voorbeelde<br><br>• Brei uit op die suksesse van hierdie gebeure.<br><br>• Hoe het die sportboikotte tot die einde van apartheid bygedra? |

**Paragraaf 3: Kulturele boikotte**

- Voorbeelde
- Brei uit op die suksesse van hierdie gebeure.
- Hoe het die kulturele boikotte tot die einde van apartheid bygedra?

**Paragraaf 4: Akademiese boikotte**

- Voorbeelde
- Brei uit op die suksesse van hierdie gebeure.
- Hoe het die akademiese boikotte tot die einde van apartheid bygedra?

**Paragraaf 5: Verbruikersboikotte**

- Examples Voorbeelde
- Brei uit op die suksesse van hierdie gebeure.
- Hoe het die verbruikersboikotte tot die einde van apartheid bygedra?

**Paragraaf 6: Disinvesterings**

- Voorbeelde
- Brei uit op die suksesse van hierdie gebeure
- Hoe het disinvesterings tot die einde van apartheid bygedra?

**Paragraaf 7: Sanksies**

- Voorbeelde
- Brei uit op die suksesse van hierdie gebeure
- Hoe het sanksies tot die einde van apartheid bygedra?

**Paragraaf 8: Bevry Mandela Veldtog**

- Voorbeelde
- Brei uit op die suksesse van hierdie gebeure
- Hoe het die Bevry Mandela Veldtog tot die einde van apartheid bygedra?

**Paragraaf 9: Slot**

- Koppel die gevolgtrekking/ slot aan die inleiding en die vraag



NOTES:

…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………………………..